

AO Wynand
le ROUX

"Ek stap nog
dorp +oe"

sterilisasie
by BARC-dag

Hemelruim
man

LSG se
TENNIS+rofs

BIRKENHEAD
BOOTHENGELKLUB

Nuclear project - The community's voice remains important

The Public Meeting - Scoping Phase, held on Thursday, 9 April 2026 at Gansbaai Tourism Information's Conference Centre Hall, was professionally facilitated by Antoinette Pietersen (Public Participation Consultant) and presented by Ashlea Strong (Project Manager and EAP), assisted by several officials, including the Project Director, Brian Hayes. The main focus was the importance of public participation in the process and the fact that community members still have a meaningful say in the outcome.

The purpose of the meeting was:

*Part of the Scoping Phase - the application has been submitted, but no final decision has yet been made;

*To provide an opportunity for the public to understand what the project entails; *To allow stakeholders to raise issues so these can inform and shape the Scoping and Environmental Impact Assessment (EIA) process;

*To present a high-level overview of the Draft Scoping Report; *To outline the EIA regulatory process and associated timeframes.

The selection of possible locations for the new Nuclear Power Plant (NPP) is based on earlier studies conducted by Eskom. These include the Nuclear Site Investigation Programme (NSIP) from the 1980s and the later Nuclear-1 Environmental Impact Assessment. The NSIP aimed to identify suitable sites along South Africa's coastline for the construction and operation of future nuclear power plants. On 11 October 2017, the Dufnefontein site in the Western Cape was approved by the Department of Forestry, Fisheries and the Environment (DFFE) for Nuclear-1, with a capacity of up to 4 000 MW. An appeal



followed, and on 29 July 2021 the DFFE upheld its original decision to grant environmental authorisation. South Africa has safely operated a nuclear power station at Koeberg for more than 40 years.

Eskom is now proposing the construction of a new nuclear power plant, together with the required supporting infrastructure, with a generation capacity of up to 5 200 MW. The potential sites currently under consideration are Thyspunt and Bantamsklip. Public participation is a central component of the process, and stakeholders are encouraged to: *Register as Interested and Affected Parties (I&APs); *Review and comment on the Draft Scoping and EIA Reports; *Attend public meetings and focus group engagements.

Article follows on page 2



PET FOOD EXPRESS
FOR ALL YOUR PET'S NEEDS

DAILY DELIVERY
FISHERHAVEN - HERMANUS
082 329 5110



VISIT US

KLEINMOND
Shop 1, Shoprite Centre
104 Main Road
071 162 8415

HAWSTON
611 Church Street
071 369 7824

HERMANUS
98 Bergsig Street
Sandbaai
066 192 2415

GANSBAAI
18 Fabriek Street
060 830 4272

BREDASDORP
46 All Saints
082 220 3247

The Gans-Berg Nuis / News is committed to bringing you news that is relevant and truthful. We undertake to adhere to the press Code of Ethics and Conduct of the South African Print and Online Media. All printing material received is the responsibility of the contributor who is required to check and approve artwork and material.

Die Gan-Berg Nuis / News is daartoe verbind om nuus wat relevant en waar is, aan u te bring. Ons onderneem om ons te hou by die Perskode vir etiek en gedrag van die Suid-Afrikaanse Druk en Aanlynmedia. Die drukwerk wat ontvang word, is die verantwoordelikheid van die bydraer wat die kunswerk en materiaal moet nagaan en goedkeur.

All rights reserved. No part of Gans-Berg Nuis / News may be reproduced or used in any manner without written permission from the owner.

Alle regte voorbehou. Geen deel van Gans-Berg Nuis / News mag op enige manier gereproduceer of gebruik word sonder skriftelike toestemming van die eienaar nie.



Gans-Berg News subscribes to the Code of Ethics and Conduct for South African Print and Online Media that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balances. If we don't live up to the Code, within 20 days of the date of publication of the material, please contact the Public Advocate at 011 484 3612, fax: 011 4843619. You can also contact our Caseworker okhanyim@ombudsman.org.za or lodge a complaint on our website: www.presscouncil.org.za

MEET the team

OFFICE: 028 205 0100
Whatsapp: 066 225 4282

				
MICHELLE VAN ZYL OWNER / ADVERTISING MICHELLE@GANSBERG.CO.ZA / 078 830 6286	MELISSA VAN DER MERWE GRAPHIC DESIGNER / DESIGN@GANSBERG.CO.ZA EDITORIAL CONTENT / INFO@GANSBERG.CO.ZA	HARDUS BOTHA JOURNALIST INFO@GANSBERG.CO.ZA / 082 789 9484	TRACY HULME ADMIN ASSISTANT TRACY@GANSBERG.CO.ZA / 078 870 6286	JANINE WILLIAMS ADVERT REPRESENTATIVE JANINE@GANSBERG.CO.ZA / 072 932 1431


Registered stakeholders will receive ongoing project updates and opportunities to provide input. WSP acts as the independent Environmental Assessment Practitioner (EAP) managing the process. The Public Participation Process includes all individuals, communities, vulnerable groups, and organisations that may be affected by the proposed project or its outcomes. To date, 10 011 stakeholders have registered on the database.

Draft Scoping Report

It is of utmost importance that stakeholders and concerned community members carefully study the **Nuclear Power Plant Draft Scoping Report** on the website. All relevant information -

such as deadlines, applications already submitted, planning, alternative options, and the opportunity to provide comment - is available there. Emails can also be sent to Nuclear-PP-EIA@wsp.com, or call 011 254 4800 for further enquiries. The process is still at an early stage, and community members are encouraged to participate actively - as their input can have a meaningful impact on the final decision.

Hardus Botha



DRINGENDE EIENDOMSVEILING. WOONHUIS IN FRANSKRAAL. NABY GANSBAAI. "ALMAL WIL'N HUISIE BY DIE SEE Hê"

DATUM : Saterdag 25 April 2025

ADRES : Dyerstraat 5, Franskraal

TYD : 12:00

Eiendomsbeskrywing:

Netjiese woonhuis onder staan teëldak in uiters gewilde kusdorp. Sit/eetkamer, 3 Slaapkamers, braaikamer, 2 badkamers, stoepkamer, ekstra groot wendyuis vir kantoor, motorhuis. Erfgrootte 694m²

GEWILDE KUSDORP AAN DIE SUIDKUS VAN DIE WES-KAAP ONGEREPTTE STRANDE, RYK MARIENE LEWE
Slegs 160 km vanaf Kaapstad; 37km van Hermanus.



GEEN RESERWEPRYS
[Onderhewig aan bekragtiging]

Betaalvoorwaardes :
Eiendom: 5% deposito asook afslaaersfooi op die dag van die veiling.
Waarborges binne 30 dae na bekragtiging.
ID en Fica dokumente nodig vir registrasie. Geen registrasiefooi nie.

Besigtiging en Registrasie :
Vanaf 11:00 op dag van die veiling.
Vir meer inligting en foto's:
Dan van Zyl. 082-458 3867.
danvanzyl49@gmail.com

Relax, Dine and Explore at Afrikanos



If you're looking for the perfect way to spend your Sunday, Afrikanos is offering a relaxed and delicious

Sunday lunch experience that brings together hearty home-style cooking, vibey music, and a warm, welcoming atmosphere for the whole family. Guests can enjoy a two-course Sunday lunch for R225 per person, making it the ideal outing for families, friends, or anyone wanting to unwind by the coast. The menu offers a variety of comforting starters to begin your meal. Diners can choose between homemade meatballs cooked in a rich tomato and basil sauce and served with pizza bread, golden crumbed mushrooms served with tartar sauce, or half shell mussels prepared in a creamy garlic and white wine sauce and served with grilled ciabatta. For the main course, Afrikanos continues to impress with generous, flavour-packed options. Guests can enjoy

a slow-cooked lamb shank served with mashed potato and seasonal vegetables, a 250g grilled beef sirloin with roasted potato wedges and seasonal vegetables, a hearty oxtail cooked in red wine with creamy mash, or the catch of the day, freshly prepared and announced on the day. After lunch, families are invited to take a stroll down to the crocodile pond, where visitors can enjoy a unique and exciting guided crocodile pond tour. (R60 for adults & R30 for kids) It's a great experience for both adults and kids, offering something a little different to your typical Sunday outing. For the little ones, Afrikanos also offers a play park area, giving children space to play and explore while parents relax and enjoy the afternoon. This popular Sunday lunch is by reservation only, so guests are encouraged to book early to avoid disappointment. Whether you're gathering with family, meeting friends, or simply treating yourself to a well deserved Sunday outing, Afrikanos offers the perfect combination of great food, family fun, and relaxed coastal charm.

Reservations: 082 220 3344

Eileen's Take Away's



Burgers, Ribs, Schnitzel,
Eisbein, Sushi



Sunday Lunches on order
Call / Whatsapp to order: 074 709 3395
Corner of Voortrekker & Churchstreet

Prag LOCKSMITH
LEATHER REPAIRS

CAR KEY'S CUT & PROGRAMMED



9A LONG STREET. HERMANUS
083 660 9115



**CONTACT US TO
ADVERTISE:**

Michelle:078 010 8286
michelle@gansberg.co.za

Janine:072 931 1431
janine@gansberg.co.za

AO Wynand le Roux tree ná byna vier dekades af

Adjutant-offisier (AO) Wynand le Roux het besluit om, ná 'n loopbaan van 39 jaar in die Polisie, op 31 Maart 2026 af te tree. Hy het sy loopbaan op 20 Januarie 1987 as konstabel in die Paarl begin. Ná sy studente-opleiding is hy egter reeds op 1 Desember dieselfde jaar direk na Gansbaai uitgeplaas - en hy is vandag die laaste beampte wat oor is van dié wat hul SAPD-loopbane in Gansbaai begin het. Wynand vertel dat hy destyds onder bevel van AO André Moolman - steeds 'n bekende naam in Gansbaai - sy SAPD-loopbaan in Gansbaai begin het.

“Destyds was die standaard van dissipline en respek baie hoog en 'n man moes erg in jou spoor trap,” vertel Wynand. Hy sê een van die dinge wat hy baie geniet het, was hulle voetpatrollies in die nag. “My dankbaarste gevoel oor my jare se diens is die wete dat ek aftree sonder enige kriminele of departementele ondersoeke,” het Wynand gesê. “Ek kyk dus terug op 'n 39-jarige skoon rekord.” Een van sy grootste bekwame is dat die publiek die SAPD gereeld afkraak en almal oor dieselfde kam skeer oor die misstappe van enkelinge.

“Vir eers gaan ek net rus - en nogmaals rus,” het Wynand die *Gans-Berg Nuis* meegedeel. “Dit was 'n moeilike besluit om finaal af te tree, maar ek weet nou dit was die regte besluit.” Wynand is op 7 April 1990 met Lerouna, 'n bekende onderwyseres by Gansbaai Primêr, in die huwelik bevestig. Twee kinders is uit die

huwelik gebore: Schalk (30), wat ongetroud is, en Zaria (35), wat met Gavin Barnard getroud is. Hulle het twee kinders, Adam (5) en Klein Lerouna (2) - dus twee kleinkinders om vir Wynand besig te hou. “Nee, ek het beslis nog nie planne om af te tree nie,” was Lerouna se vinnige kommentaar!

39 jaar in diens van die SAPD

Ná Wynand se aanstelling as konstabel op 1 April 1987 in die Paarl, is hy op 1 November 1990 tot die rang van lancersersant (*Lance Sergeant*) bevorder. Daarna volg verdere bevorderings: sersant op 1 November 1992; inspekteur (destydse benaming) op 1 April 1998; adjutant-offisier op 1 April 2010. Dekorasies (toekennings) wat deur Wynand ontvang is, sluit in: 10-, 20- en 30-jaar getroue dienssertifikate; die 75ste SAPD-herdenkingsmedalje; die Sokkerwêreldbeker 2010-ondersteuningsmedalje; die Eufeemedalje vir die 100ste herdenking van die SAPD. Hy het ook 'n kursus in basiese onrus- en skarebeheer voltooi, asook verskeie praktiese Boland-skietskursusse.



AO Wynand le Roux.

Nog 'n jarelange en getroue SAPD-lid, kaptein Gerda Groenewald, het ook op 31 Maart 2026 uit diens getree - ná sowat 35 jaar. Gerda was uitstendig met die ter perse gaan van hierdie uitgawe, met min tot geen selfoonsein vir kommunikasie.

Hardus Botha

VR
VINTAGE REWIND



Handcrafted. Restored. Reimagined.
Stocking a wide selection of fabrics and haberdashery
Michelle
+ 27 76 125 4114
6 Dirkie Uys Straat

AJ
BANDEDIENSTE



- Tire Installation
- Wheel Balancing
- Flat Tire Repair
- Tire Pressure



CONTACT US
072 918 9197
0280540037
ajtyresoverstrand@gmail.com

Overberg Scaffold & Machine Hire



Rentals of all building equipment:
Concrete Mixers, Compactors, Drills, Generators, Breakers,
Various types of scaffolding
High pressure spray guns for cleaning of walls and roofs.

Industrial Circle, Industrial Area.
Gansbaai
Tel/Fax: 028 384 0189
Fanie Bothma
Cell: 083 296 2676

Foto-sending eindig in val - maar ook in groot omgee

Dit was letterlik 'n 'vallende' foto wat op Paassondag, 5 April 2026, van 'n oorvol Gansbaai Karavaanpark geneem is. Die *Gans-Berg Nuis* se joernalis het sy eggenote, Anita Botha, by die NG Kerk afgelaai, terwyl hy self op pad was na Herberg-aan-See (HaS) om daar diens te doen. Sy laaste woorde aan vroulied was dat hy eers gou 'n foto van Gansbaai Karavaanpark wou gaan neem.



Bo by Gansbaai Hawe aangekom - op krukke as gevolg van 'n gebreekte voet en in afwagting op 'n operasiedatum - het die afstand om die foto te neem nie te ver gelyk nie, en hy het sonder sy krukke daarheen ge-kruppelstap. Ná 'n gesukkel was hy uiteindelik op die regte plek vir die foto - en toe gly hy en val hy sy wind uit, kop eerste in die bos in. Lang storie kort: hy het gou besef hy gaan nie maklik weer opkom nie en het maar net daar bly lê - maar die foto is darem geneem.

Terwyl hy daar lê en wonder wat nou gemaak, het SMCI Walter Mein (Senior Marine Conservation Inspector) van die Departement Bosbou, Visserye en Omgewing by Gansbaai Hawe, Walter Mein, by hom aangekom. "Is alles reg? Het jy seergekry? Kom, ek help jou op," het Walter bekommerd gesê. "Ek en my kollega, CMCI Mthethwa (Chief Marine Conservation Inspector), het van onder af gesien hoe jy val en het dadelik gekom om te help." Nadat hy seker gemaak het daar is nie

ernstige beserings nie, het hy boontoe gestap en die krukke by die motor gaan haal. Sy aan sy het die 'krukke-man' en Walter toe al met die sementpaadjie boontoe gestap. By die motor aangekom, het hulle besef die selfoon moes by die bos uitgeval het. Die barmhartige Samaritane is toe weer af ondertoe, waar hulle die selfoon gekry het.

By HaS aangekom, met 'n ietwat bebloede gesig, hand en arm, was daar groot konsternasie onder die inwoners wat buite gesit het en hulle boeglam geskrik het. Stafverpleegster

Natasha Rowen is geroep en sy het koelkop, maar flink, met haar medisyne-trollie opgedaag. Die bloed is versigtig afgevee en elke wondjie is ondersoek om seker te maak alles is in orde. Tydens die behandeling was die verbasing groot toe 'n bekommerde Walter ook by HaS opdaag. Hy het besluit om agterna te ry om seker te maak alles verloop goed - praat van 'n omgee-mens! Later die dag het hy weer 'n boodskap gestuur om te hoor of alles reg is.

Nou ja, hoe bedank 'n mens sulke optrede teenoor 'n wildvreemde persoon? Behalwe om Walter en sy kollega net opreg dankie te sê vir hulle omgee. Dankie ook aan stafverpleegster Natasha Rowen vir haar vinnige optrede - alles net die realiteit van ware omgee-mense.

Hardus Botha

"Ek stap nog dorp toe" - Emilie Oktober vier 91 jaar

"Nee wat, ek stap nog dorp toe van Blompark af," het Tannie Emilie Oktober (91) die *Gans-Berg Nuis* meegedeel. Emilie se 91ste verjaarsdag is op 9 April 2026 by Silwerjare Diensentrum gevier. En die gesondheid? "Nee wat, ek is nog pure perd, behalwe nou vir die een oog wat baie swak is en die gehoor wat nie meer is wat dit was nie!"

Emilie is op 9 April 1935 in Stanford gebore, waar sy ook grootgeword het. "In later jare het ek na Gansbaai verhuis en woon tans by my dogter, maar ek stap gereeld dorp toe wanneer



Tannie Emilie Oktober (91).

ek iets nodig het," vertel sy. Haar eerste werk in Gansbaai was by die destyds bekende Emma de Lange se naaldwerkwinkel. Emilie het vyf kinders gehad, maar slegs een leef nog. Sy spog darem met vier kleinkinders en elf agterkleinkinders.

Van die groep gaste by haar verjaarsdagpartytjie het, onder leiding van Gustav Sauls, om die beurt 'n gebed vir haar gedoen, waarna almal haar hartlik toegesing het. Sy was baie ingenome met die blomme en geskenk wat sy ontvang het.

Hardus Botha

NO POISON! NO TRAPS!
JUST SMART PROTECTION

Future of Lawn protection
Humane .Chemical-free. Long-lasting

UNDER THE MICROSCOPE

MOLE NETTING SA
NO MORE HOLE PATROL

Tired of moles hills? Net them out!

+27 72 303 3607
+27 79 112 5990

molenettingsa@gmail.com

molenettingsa Mole Netting SA

Pollination this, Pollination that ... but what the heck is pollen??

Did you know, pollen isn't just the stuff that makes you sneeze? It is a crucial part of keeping ecosystems alive. Each tiny pollen grain is a packet of plant DNA, more specifically, the male reproductive material needed to make seeds.

It is very variable in both shape and texture, from round and smooth to spiky or triangular. These shapes aren't random, they're designed to latch onto pollinators (e.g., insects), then stick onto the stigma of flowers.

And here's a cool fact: you can often identify a plant to family level just from its pollen shape.

Brought to you by Grootbos Foundation

“Sterilisasie, tannie!” - kinders wys hul kennis by BARC-dag



Die span Barc-werkers.

“Die eerste een van julle wat vir my kan sê wat 'n mens met 'n hond of 'n kat moet doen sodat hulle nie meer babatjies kan kry nie, kry hierdie paaseier,” het Marna Beets aan haar kindertoehoorders gesê - en, sowaar, sy kry toe by een die 'groot' en korrekte woord: “Sterilisasie, tannie!”

Dit was tydens BARC (Birkenhead Animal Rescue Centre) se groot 'Celebrating All Things Furry'-geleentheid op Dinsdag, 7 April 2026, by die Gansbaai-sportgronde (Spaces for Sport), met die tema: 'Learn how to Care for and be Kind to Animals'. Die dag is deur Marié Botha en Sue Lorenzen van WildnFree, in samewerking met Nols Jonas van BARC gereël. Die doel van die gesellige dag was om kinders uit die gemeenskap opleiding oor diersorg te gee. Die inligtingsessie aan die groot groep kinders wat opgedaag het, is deur Marna Beets van BARC aangebied. Sy het dit uitstekend gedoen met behulp van dierepoppe, ander speelgoed-voorwerpe en relevante, maar

verstaanbare inligting.

Behalwe vir deeglike opleiding, is die kinders ook bederf met koeldrank, paaseiers en lekkernye - met elkeen wat ook 'n gratis pakkie kos vir hul diere ontvang het. Die hoogtepunt vir baie van hulle was die optrede van die K9-honde-eenheid wat demonstrasies gelewer het. Daar kon die kinders sien waartoe gedissiplineerde en opgeleide honde in staat is - selfs 'n 'booswig' is deur die manne laat hardloop voordat hy deur die honde 'vasgetrek' is.



Marié Botha en Sue Lorenzen van WildnFree.

Die brosjure, wat in verskillende tale beskikbaar is en uitgedeel is, maak onder andere melding van 'Die Vyf Vryhede van Diere' – vry...: *van honger en dors (kos en water); *van ongemak ('n geskikte leefarea); *van pyn, besering en siekte (mediese sorg); *om normale gedrag te toon (oefening en beweging); *van vrees en benoudheid (liefde en begrip). Die brosjure is vol relevante illustrasies oor diersorg en meld onder andere die volgende: “Wanneer 'n dier in

jou sorg is, is JY verantwoordelik vir hul fisiese, geestelike en emosionele welstand!”

Die dag het suksesvol en gesellig verloop en die organiseerders vertrou dat veral die kinders daardeur geraak is. Trusteellende van BARC was ook teenwoordig, met BARC se bestuurder, Annalie Jonker, wat spesiaal vanaf Die Strand gery het om die dag te kom meemaak. (Foto's: Vera Swart)

Hardus Botha



Marna Beets aan die woord.



There is only
one name to remember

NASHCA FUNERALS

**Cremation Services • Funeral Services
Funeral Insurance • Tombstones**

64 Dirkie Uys Street, Sandbaai, Hermanus: 028 316 1659
57 Main Road, Kleinmond: 028 271 4971
Bothma Centre, 57 Main Road, Gansbaai: 028 384 0251
7 Queen Victoria Street, Stanford: 028 341 0134

082 322 0874

SPECIALISTS IN:

- WATERPROOFING
- CONCRETE DECKS
- ROOFS & FLASHINGS
- CEMENT DAMS & FARM DAMS
- RIISING DAMP & PENETRATING DAMP
- INTERIOR & EXTERIOR PAINTING
- ROOF, GUTTER & DOWN-PIPE PAINTING & REPAIRS
- WOOD SPROCKET REPAIRS
- ALL RELATED SERVICES
- TORCH ON

TOP SEAL WESTERN CAPE

060 952 9133

admin@topsealwesterncape.co.za

WATERPROOFING & PAINTING www.topsealwesterncape.co.za

Gansbaai se eie 'Hemelruim-man'



Karlina Appel
1 April - HaS



Erika Marais
7 April - HaS



Judith Hartman
8 April - HaS



Dina Baadjies
12 April - HaS



Hendrik (Afdakkie)
Lourens
17 April - HaS



Cynthia Privett
23 April - HaS



Jan Jansen van Vuuren
26 April - HaS



Rina Lourens
30 April - HaS

“Ek is 'n radio-amateur, 'n amateur-sterrekundige en 'n amateur-fotograaf - maar 'n professionele pensioenaris!”, vertel Johan le Roux van De Kelders. Gepraat van 'amateur' - hierdie verskeidenheid bedrywighede van Johan is alles behalwe amateur-bedrywighede; intendeel - dit is absoluut professioneel en hopeloos té omvattend om in een berig weer te gee!

Johan is 'n boorling van Gansbaai wat op 11 Februarie 1959 te Caledon sy eerste lewenslig aanskou het. Sy pa het vir 47 jaar op die destydse Gansbaai Dorpsraad gedien, wat net uit homself, 'n voorman en werkers bestaan het - “met die bynaam van Jan Raad; nou is ek Johan Raad.” Hy het gereeld saam met sy pa rondgery en sodoende Gansbaai en sy geskiedenis van hoek tot kant leer ken. Johan en Alma is op 17 Desember 1980 in Pretoria in die huwelik bevestig. Hy het Alma tydens haar Desembervakansie hier by Duiwelsgat raakgeloop, waar hulle vriendskapsbande begin vorm het. 'n Seun, Johannes, en 'n dogter, Roné, is uit die huwelik gebore en hulle woon tans in die noordelike voorstede van Kaapstad. Johannes het gesorg dat Johan met 'n kleinkind kan spog. In 2019 het die egpaar na Gansbaai verhuis en op 1 Maart 2020 kon hulle hul nuwe woning betrek.

Gansbaai-kinderjare

“Ek, Wilfred Chivell en Louis Groenewald (Witman) was van kleintyd af boesemvriende en het alles saam gedoen,” vertel Johan. Wilfred se pa het 'n melkery gehad waar hulle van kleintyd af geleer het om hard te werk. “Vroeg soggens is ons plaas toe, het met die melkery gehelp en dan weer skool toe; na skool was dit weer terug plaas toe; op Saterdag is Gansbaai en Stanford van melk voorsien, met vakansietye wat ons sonder ophou met die melkery besig was.” Desembermaande was dit danstyd by Uilenkraalsmond tot 12-uur snags en dan terugdraf plaas toe – met min slaap.

Sy skoolloopbaan het Johan by Laerskool Gansbaai deurloop - destyds tot Gr 9 (Std 7). Daarna is hy na Hoër Tegniese Skool Drosdy, “waar ek Std 7 moes oordoen omdat ek na 'n tegniese skool oorgeskakel het!” Na skool is Johan na die Suid-Afrikaanse Weermag se 6 Suid-Afrikaanse Infanteriebataljon in Grahamstad vir sy verpligte militêre opleiding. Hy is later oorgeplaas na die Suid-Afrikaanse Lugmag te Ysterplaat, waar hy vir 40 jaar gewerk het - hoofsaaklik op die gebied van radio, radar en navigasie. In 2019 tree hy af as eenheid-sersant-majoor, met die rang van *Senior Warrant Officer* van een van die eenhede te Ysterplaat, waarna hy na Gansbaai terugkeer.

'Amateur-sterrekundige'

Johan en Willie Koorts het mekaar 25 jaar gelede by die Voortrekkers-beweging leer ken.

Sy in-diepte sterrekunde-stokperdjie het stadig begin, maar mettertyd al groter geword. Willie was by die Orion Observasie-groep in die Boland betrokke, met Johan wat later by hom aangesluit het. Johan tree as sameroeper op en hulle kom een maal per maand (gedurende die somermaande) by die Taalmonument bymekaar om die hemelruim deur teleskope te besigtig. Hulle besoek ook gereeld skole vir aanbiedinge, bied sterrekunde-kampe aan en is albei by RSG se Sondagaand-program, *Sterre en Planete*, betrokke.

'Radio-amateur'

Johan het 'n kortgolfradio gehad en wou die morsekode dekodeer. In 1994 kwalifiseer hy homself as 'n radio-amateur en word later die voorsitter van die Boland Amateur-radioklub, asook redakteur van die kwartaalboekie *CQ Boland*, waarvan meer as 50 uitgawes verskyn het. Sy roepsein is ZS1RX. Daarna het hy nog steeds radio-nuusbulletins vir die Boland Amateur-radioklub geskryf - dit is Sondag op VHF in die Wes-Kaap uitgesaai is, asook op kortgolf met die teikenarea Suid-Afrika en Namibië. Tans is Johan 'n erelid van die Boland

Johan en Alma le Roux.



Amateur-radioklub. Tuis het hy twee stelsels met groot skerms opgerig: een vir die opspoor van vliegtuie en een vir die opspoor van bote. Hy weet dus presies waar vaartuie is en kan selfs na die stemme oor die radio luister.

'Amateur-fotograaf'

“Ek is lief vir fotografie en vandat ek my eerste kamera gekry het, het ek die maan probeer afneem - wat 'n fiasko,” het hy vertel. Daarna het hy vir hom 'n kamera aangeskaf wat uitstekende maanfotografie's kon neem. “Ek het toe ook my volgende kamera aangeskaf vir al die mooi juweeltjies in ons hemelruim - soms net met die regte lens, soms met die regte *'tracker'* en soms deur die teleskoop,” vertel Johan. Teen die einde van verlede jaar het Johan sy slimteleskoop aangeskaf, waarmee hy verstommende hemelruimfoto's neem.

Om 'n onderhoud met Johan te kon voer, was 'n voorreg, maar daar is hopeloos te veel interessante inligting om alles in een berig saam te vat.

Hardus Botha

Bloukraanvoël in die Overberg onder druk

Die ikoniese Bloukraanvoël - Suid-Afrika se nasionale voël - beleef toenemende druk in die Overberg, een van sy belangrikste tuisgebiede. Hoewel meer as die helfte van die land se bloukraanvoëls nog in hierdie streek voorkom, toon onlangse data 'n kommerwekkende afname. Tussen 2011 en 2025 het die bevolking in die Overberg met sowat 44% gedaal, wat bygedra het tot die spesie se opgradering na "kwesbaar" op die Rooilys.



Die afname word aan verskeie faktore toegeskryf. Botsings met kraglyne en heinings eis steeds talle voëls se lewens, terwyl vergiftiging - dikwels onbedoeld - ook 'n rol speel. Daarby verander landboupraktyke die landskap, wat broei- en voedingsgebiede beperk. Nog 'n groot bekommernis is swak

broeisukses. Navorsing toon dat pare tans gemiddeld minder as een kuiken per jaar grootmaak - te min om die bevolking volhoubaar te hou. Klimaatsverandering vererger die situasie verder, met hoër temperature en droër toestande wat nesmislukings verhoog.

Ten spyte hiervan is daar hoop. Bewaringsinisiatiewe, samewerking met boere en selfs rehabilitasiesentrums vir beseerde voëls help om die spesie te beskerm. Die toekoms van die bloukraanvoël in die Overberg hang egter grootliks af van volgehoue samewerking tussen gemeenskappe, boere en bewaringsorganisasies - sodat hierdie trotse simbool van Suid-Afrika nie uit ons landskap verdwyn nie.

Hardus Botha

VACANCY / VAKATURE



YES4YOUTH

At I&J, part of AVI, we combine close to 115 years of excellence with a forward-thinking approach to the fishing industry. As a leader in premium seafood, including Cape Hake and farmed Cape Abalone, we are committed to sustainability, innovation, and empowering local communities. Our latest innovation, Air-Fri'kn Amazing, brings bold flavours and crispy perfection to your air fryer, showcasing our passion for quality and customer-centric excellence.

Why Join I&J?

- **Industry Leader:** Work with a renowned brand known for premium Cape Hake and farmed Abalone.
- **Sustainability Focused:** Contribute to responsible fishing practices with MSC accreditation.
- **Community Impact:** Be part of a company that empowers and invests in local communities.

Grow, Innovate, Succeed!

We are looking for motivated young individuals who are eager to build new skills and gain valuable hands-on work experience. I&J is offering unemployed youth between age 18 – 34 years who have completed a minimum Grade 10 (Standard 8), an opportunity to enrol on a 12 month I&J Work Employment Programme. Successful candidates will be employed at the I&J site in Gansbaai, Western Cape. Please note: This is not a Learnership

What you will need to be considered:

- Updated Curriculum Vitae (CV)

- Stamped bank account details/statement (not older than 3 months)
- SARS Tax Document (copy of SARS certificate/letter)
- Certified copy of highest grade/qualification (not older than 3 months)
- Certified ID Copy (not older than 3 months)

Only applicants who submit all of the above documents will be considered.

The standard recruitment process will be followed, which includes background screening (e.g. criminal check, ID verification, qualifications, etc.) and undergoing a full medical examination at the I&J surgery.

Should you have any queries, please contact the I&J Danger Point HR Department on the following number:

- Tel. 087 087 4800 (Extension 7)
- Contact person: Sonwabile Gaqa
-

To apply, please forward a copy of your CV and Qualification Certificates to: SonwabileG@ij.co.za

Please Note:

- Applicants must be unemployed, not previously enrolled on a YES4YOUTH Programme and should not currently be attending any government funded training programme.

Application closes Thursday 24 April 2026

'Hemelse klanke' by Paassangfees in Hermanus

Om die professionele koorsang van 'n Paassangdiens in woorde te omskryf, is 'n onbegonne taak - voeg daarby nog 'n fenomenale dirigent, Annemarie Rautenbach, en niks verder kan eintlik gesê word nie; daar kan net in vervoering geluister word. Die paassangdienste, een om 08:00 en die tweede om 10:00 op Sondag, 12 April 2026 in die NG

Moedergemeente, Hermanus, was eenvoudig onbeskryflik en 'n voorreg om by te woon.

Deelnemende kore was dié van Hermanus Hoër- en Laerskool, Curro Laerskool, Curro Cantare-koor en dan die bekende Pro Musica-koor – in optrede saam met die immergewilde

Whale Coast Simfonieorkes onder leiding van Annemarie Rautenbach. Johan Botes het die verwelkoming behartig, waarna die Hermanus Hoërskoolkoor, onder leiding van Annemarie en met begeleiding deur Louna Stofberg, *Hallelujah! Clap Your Hands* uitgevoer het - en daarmee het die program begin.

Die gemeente het *U is die Lig* gesing, met begeleiding deur Kobus van Wyk (trompet)

en Willem Barnard (snaartrom), met nog enkele liedere wat later gevolg het. Pro Musica het onder leiding van Louna Stofberg *Make a Joyful Noise* gesing, waarna die Hermanus Laerskoolkoor met

